

Gereformeerde Kerk Bellville – 2 September 2018 – Aand

Sing vooraf staande: Skrifberyming 9-4:4, 5 (21:4, 5)

- 4 Lankmoedig is die liefde^oin pyn / en vriend'lik waar sy ook verskyn.
Afgunstig is die liefde nooit, / of opgeblase^oof hoog van spraak;
niks wat hier onwelvoeglik maak, / kleef aan die daad van liefde ooit.
- 5 Sy soek haar eie voordeel nooit, / niks maak haar hart verbitterd ooit,
en sy vergeld geen kwaad met kwaad. / Geen ongeregtheid wil sy,
maar net die waarheid maak haar bly – / die waarheidsklank van woord en daad.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 118:12, 14 (p. 579)

- 12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.
Ag, HEER, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag –
dit is die dag van grote dinge, / die glorieskeken van u mag.
- 14 U is my God, ál my verlange; / U prys ek om u majesteit.
My God, U loof my lofgesange / van nou af tot in ewigheid.
Loof almal saam met jubelsange! / Gods goedheid ken geen grens of tyd;
geen hede, toekoms of vergange, / sy goedheid duur in ewigheid!

Gebed

Psalm 128:1, 2 (p. 627)

- 1 Wie deur Gods vrees bewoë, / trou op die weg wil gaan,
waar hom Gods wil voor oë / en klaar getekend staan
die arbeid van sy hande / sal hy met vreug geniet
wanneer die koringlande / met seen hul opbrings bied.
- 2 Soos ons met welgevalle / die wingerdstok aanskou,
en tel die trossetalle / wat ons die blare^oontvou
so sal sy in jou lewe, / die huisvrou van jou jeug,
aan jou die volheid gewe / van huiselike vreug.

Skriflesing: Efesiërs 5:15-32; Heidelbergse Kategismus, Sondag 41:108

Kernvers: Efesiërs 5:25-29

Manne, julle moet jul eie vroue liefhê, soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het om dit te heilig, nadat Hy dit gereinig het met die waterbad deur die woord, sodat Hy die gemeente voor Hom kon stel, verheerlik, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks; maar dat dit heilig en sonder gebrek sou wees. So behoort die mans hulle eie vroue lief te hê soos hul eie liggame. Wie sy eie vrou liefhet, het homself lief; want niemand het ooit sy eie vlees gehaat nie, maar hy voed en koester dit, net soos die Here die gemeente.
(Efesiërs 5:25-29 AFR53)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 108: Wat leer die sewende gebod ons?

Antwoord: Alle onkuisheid is deur God vervloek (a), en daarom moet ons dit hartgrondig haat (b). Daarenteen moet ons kuis en ingetoë lewe (c) sowel binne as buite die huwelik (d).

(a) Lev 18:28. (b) Jud 1:23. (c) 1 Tess 4:3-5. (d) Heb 13:4; 1 Kor 7:7.

Tema: 'n Gelowige man leef kuis en ingetoë met sy eie vrou

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, die primêre verhouding tussen mense is die huwelik. Dit is die heel eerste verhouding wat God tussen mense gevestig het. Hierdie verhouding wat die Here vir die mens gee, is vir die Here kosbaar, want daardeur wil Hy aan die mens 'n begrip gee van sy verhouding met sy mense en andersom ook. Aangesien hierdie verhouding so belangrik is, is dit ook geen wonder dat die Here een van die Tien Gebooe juis aan hierdie verhouding tussen 'n man en sy vrou afstaan nie.

Nou word daar aan ons gevra: **Wat leer die sewende gebod ons?** Let op daar word nie gevra wat God in die sewende gebod verbied nie. Daar word gevra wat God ons in die sewende gebod leer. Vir eers wil ons op die positiewe deel van die antwoord konsentreer. Daarom sal ons die vraag soos volg beantwoord: *In die sewende gebod word ons geleer om kuis en ingetoë te lewe sowel binne as buite die huwelik.*

Aangesien die huwelik die primêre verhouding tussen mense is, gaan ons in 'n kort reeks aan die hand van die sewende gebod na die volgende sake kyk: Hoe leef 'n man kuis en ingetoë in sy huwelik met sy vrou. 'n Volgende keer gaan ons luister hoe leef 'n vrou kuis en ingetoë in haar huwelik met haar man. En by 'n derde geleentheid sal ons uit albei die vrae en antwoorde van die Sondag 41 hoor hoe 'n mens kuis en ingetoë buite die huwelik lewe. Aangesien die Here van die begin af die man as die verantwoordelike persoon van die huwelik en die huisgesin aangestel het, gaan ons eers hoor hoe die man kuis en ingetoë in sy huwelik lewe.

Wanneer die Here aan die man sy besondere opdrag in die huwelik gee, verras Hy die mens. Hy begin met die opdrag aan die vrou en sê dat sy onderdanig aan haar man moet wees, soos die gemeente aan Christus onderdanig is. Wanneer die man se opdrag dan volg, is 'n mens nogal geneig om te verwag die Here sal sê: Manne, julle moet die hoof van julle vroue wees, soos wat Christus die Hoof is van die gemeente. Maar dit is nie die man se opdrag nie. Hy word deur die Here beveel om sy vrou lief te hê, soos Christus die gemeente liefgehad het.

Elke gelowige man sal sê: Sjoue, wat 'n opdrag? Wie sal dit ooit kan regkry om sy vrou so lief te hê soos wat Christus die gemeente liefgehad het? Maar manne, 'n Christenman kan nie wegstroom van hierdie opdrag nie. Dit is Christus se bevel aan jou en Hy gee aan jou 'n leeftyd om jouself daarop toe te lê om dit te doen. Die Here wil hê dat elke gelowige man dit sal regkry om hierdie opdrag uit te voer, daarom het Hy sy Heilige Gees aan jou gegee. Die Heilige Gees lei en leer jou om dit te kan doen.

Hierdie liefde kan nie maar net 'n romantiese gevoel wees nie. Ja, daar moet ook 'n romantiese liefdesgevoel in die huwelik wees. Maar as die Here die man beveel om sy vrou lief te hê, kan jy seker wees dit is meer as 'n romantiese gevoel. Die man moet (dit is 'n bevel) homself daartoe verbind om sy vrou lief te hê.

Vir die Efesiërs was hierdie opdrag 'n omwenteling. Die meeste manne in hierdie gemeente was vroeër afgodsdienaars. In Efese was die tempel van die afgod Diana waarheen die mans van die stad gestroom het, want daar was tempelprostitute. Deel van hulle diens aan die afgod was om met so 'n prostituut gemeenskap te hê. 'n Griekse skrywer uit die antieke tyd het die verhoudingslewe van die heidense mans so omskryf: Die man het 'n minnares om hom te bederf, byvroue om aan sy daaglikse liggaamlike behoeftes te beantwoord en 'n vrou sodat hy wettige kinders kan hê en iemand wat sy huis vir hom hou.

'n Welgestelde heidenman het homself dus met 'n klomp vrouens omring vir sy plesiere. En

die vrou met wie hy getroud was, was nie eers sy keuse nie, want sy ouers het sy huwelik met haar gereël. Daarom was hierdie opdrag aan die manne so radikaal. 'n Christenman moet homself geheel en al toewy net aan die vrou met wie hy getroud is sy lewe lank.

Die liefde wat die Here as opdrag aan die man gee, word in Grieks *agape* genoem, en word seker die beste vertaal met *opofferende liefde*. Wanneer Paulus die opdrag van die Here aan die man gee, skryf hy ook dadelik hoe die man sy vrou moet liefhê:

soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het
(Efesiërs 5:25 AFR53).

As 'n mens dan hierdie liefde omskryf wat die Here beveel, kan 'n mens sê: Liefde is 'n selfopoffering, 'n verbintenis tot versorging wat daarin duidelik word deurdat die man sy vrou se belange eerste stel.

Natuurlik is dit die soort liefde wat die Here verwag al sy kinders vir mekaar en ander mense moet hê. En in die verhouding tussen man en vrou in die huwelik is hierdie liefde die besondere opdrag aan die man. Kom ons bekyk hierdie liefde nader.

Liefde is selfopofferend, want Christus het Homself vir sy gemeente oorgegee (Efes 5:25). Dit wat Christus gedoen het, is die standaard en voorbeeld vir die man in die huwelik. Christus het nie in die hemel op sy troon gesit en bevele gegee nie. Hy het ook nie hier op aarde op 'n troon kom sit en voorskrifte gegee nie. Hy het al sy regte as God vir 'n tyd lank eenkant gelaat, die menslike natuur aangeneem en Homself verneder tot in die dood aan die kruis. Sy liefde vir sy gemeente het 'n hoë koste vir Hom gehad.

'n Man sal miskien sê dat hy sy vrou met sy lewe sal beskerm. Dit is goed en reg dat hy sy vrou so liefhet en 'n mens vertrou dat elke man sy vrou so sal beskerm. Maar die eintlike vraag vir elke Christen is: Is jy besig om jou eie ek ter wille van jou vrou daagliks te kruisig? Dit is mos wat Jesus van sy dissipels verwag. Elkeen wat agter Hom wil aangaan, moet homself verloën, sy kruis opneem en Jesus volg. Die hart van 'n Christelike lewe is nie om ander mense vir jou selfsugtige begeertes te misbruik nie, maar om jou belange vir eers eenkant te laat en die ander een se belange hoër as jou eie te stel ter wille van Jesus.

So moet alle gelowiges met mekaar doen, maar dit is die besondere opdrag aan die man in die huwelik. Prakties beteken dit dat ek as man nie van die werk kan kom en myself net neerplons in die stoel omdat ek vandag hard gewerk het nie. En intussen los ek my vrou om alleen die kinders te versorg, die aandete gereed te kry terwyl die telefoon ook nog lui. Dit is dan wanneer die Christenman sy begeerte om te ontspan eers laat staan en liefdevol sy vrou help.

Liefde is ook versorging. In vers 29 sê die Here dat 'n man sy eie liggaam voed en koester, soos wat die Here ook met sy gemeente doen. So behoort die man ook met sy vrou te doen, aangesien sy in werklik deel van sy liggaam is – hulle wat twee was, word mos een in die huwelik. Hoe doen Christus dit met sy gemeente? Hy het Homself oorgegee om haar te verlos en nou hou Hy aan om haar te voed en te koester met sy Woord deur die Heilige Gees.

Die man voed sy vrou in elke opsig, soos hy met sy eie liggaam doen. Hy doen dit fisies deur genoegsame materiële voorsiening te maak, emosioneel deur haar gevoelens in ag te neem en geestelik deurdat hy met God wandel en die leiding neem in die geestelike versorging van sy huisgesin. Die man koester ook sy vrou. As 'n man sy kleintoontjie stamp, ignoreer hy dit nie maar net nie. Hy doen iets sodat sy toon beter voel. Wanneer sy vrou dan fisies, emosioneel of geestelike seergekry het of net 'n behoefte beleef, moet hy

dit nie maar net ignoreer nie. Die Here verwag dat hy sy vrou sal koester sodat sy beter kan voel en voluit haar kan uitleef in haar verhouding met die Here en haar man.

Omdat die Here die man beveel om sy vrou lief te hê, is liefde 'n verbintenis – dit is iets wat gedoen moet word en nie net gevoel word nie. Daar is bepaalde dinge wat die man doen sodat hy homself daarop kan toelê om sy vrou lief te hê. Hy verlaat sy vader en sy moeder, hy kleef sy vrou aan en hulle twee sal een vlees word. Daar is bepaalde dinge wat ons oor hierdie verbintenis moet verstaan.

Dit is 'n realistiese verbintenis. Wanneer 'n man in die huwelik tree met sy vrou, moet hy weet sy is nie volmaak nie. Christus het sy gemeente geken voordat Hy na hierdie wêreld gekom het. Hy het ook al haar tekortkomings en sondes geken. Tog het Hy Homself vir haar oor-gegee om haar sy bruid te maak. Net so moet die man ook weet dat die vrou met wie hy trou of getroud is nie volmaak is nie, maar hy verbind hom daartoe om haar lief te hê. Ware liefde stel nie voorwaardes nie. Ware liefde gee ondanks hoe die ander een lyk of wat die ander een doen.

Liefde is nie net 'n realistiese verbintenis nie, maar ook 'n groeiende verbintenis. Die liefde wat die man vir sy vrou moet hê, is iets waaraan hy moet werk. Dit is nie iets wat outomaties aan die gang gaan bly nie. Jy moet jou daarop instel om jou vrou al meer en beter lief te hê.

Hierdie liefde is ook 'n algehele verbintenis. Daarmee word bedoel dat 'n man niks vir homself hou of sommer net self besluite neem en sy vrou moet maar gedwee daarmee inval in nie. Omdat die man en vrou een vlees word in die huwelik, beteken dit dat hulle al twee saam sake hanteer en saam tot 'n besluit kom. Bestee tyd saam met jou vrou, nie omdat jy moet nie, maar omdat jy jouself daartoe verbind het in opdrag van die Here Jesus. Deel met haar jou drome, gedagtes, vrese en vreugdes. Dit is seker een van die dinge waarmee baie manne sukkel, want ons het die geartheid om baie dinge op ons eie in ons gedagtes te deurworstel.

Om as 'n eenheid te groei in die huwelik – daardie een vlees word – is iets wat tydsam gebeur. Dit beteken hulle bestee tyd in mekaar se geselskap, nie net om oor groot en gewigtige dinge te praat nie, maar ook oor die alledaagse. 'n Man en 'n vrou word nie met 'n ketting verbind om een vlees te word nie. Dit is daardie baie fyn draadjies van sorg en liefde en omgee waartoe die man hom verbind om sy vrou lief te hê – dit wat deur die Here gebruik word om hulle een te maak.

Hierdie liefde wat die Here aan die man beveel, word ook gewys. Dit is goed en reg dat die man vir sy vrou sê dat hy haar liefhet en hy moet gereeld doen. Maar liefde is ook 'n daad. Jesus het nie net vir sy dissipels gesê dat Hy hulle liefhet nie. Hy het sy liefde vir hulle gewys. Hy het sy bokleed uitgetrek, 'n voorskoot om Hom gehang, die skottel met water gevat en voor elkeen van sy dissipels gekniel en hulle voete gewas. Jesus het nie gewag dat sy gemeente eers 'n bietjie aangetrokke tot Hom is nie. Hy het begin om haar eerste lief te hê. En Hy het nie sy liefde beperk omdat sy gemeente nie voluit op sy liefde reageer nie. Hy het sy liefde tot die uiterste toe bewys toe Hy vir haar aan die kruis gesterf het.

So moet gelowige manne ook begin om eerste lief te hê. Nie net fisiese liefde nie, maar die totale pakket van liefde. Selfs wanneer jou vrou nie liefdevol optree nie, moet jy die inisiatief neem haar selfopofferend liefhê. Dit is met so 'n liefde dat 'n mens die ongelukkige gevoelens en woorde gaan oorwin.

Die liefde wat die Here die man beveel om te gee vir sy vrou is liefde wat net die beste vir haar wil hê. Hierin is Christus weereens die voorbeeld. Deur sy Gees en met sy Woord is

Hy voortdurend besig met sy bruid. Hy maak haar heilig, want Hy wil haar uiteindelik sonder vlek of rimpel voor sy Vader bring. So gaan die gelowige man ook homself daartoe verbind om sy vrou te help dat sy kan word wat die Here bedoel het sy moet wees – 'n diensmaagd van die Here wat haar geheel en al aan Hom onderwerp.

Dit beteken dat 'n man hom daarop toelê om met sy woorde en daede sy vrou op te bou. Dan is daar nie plek vir afbrekende woorde van sarkasme en verkleinerings nie. Sulke dinge word gewoonlik gedoen om iemand seer te maak. En 'n man wat sy vrou benadeel, is besig om homself te benadeel, want die Here maak julle twee een vlees in die huwelik.

Om terug te kom na die vraag aan die begin: Hoe leef 'n gelowige man kuis en ingetoë met sy eie vrou? Hy toets voortdurend sy liefde vir sy vrou aan die liefde wat Christus vir sy gemeente het. Hy vra homself af: Is my liefde vir haar 'n selfopofferende en versorgende verbintenis aan haar? Wys ek regtig my liefde vir haar en soek net die beste vir haar? In 'n huwelik waar Christus die pas aangee vir die man se liefde, sal die man kuis en ingetoë met sy vrou leef soos wat die sewende gebod hom leer.

Amen!

Slotgebed

Psalm 121:1, 2, 4 (p. 608)

- 1 Ek hef my oë bergwaarts heen / en staar die ure òm,
tot my verlossing kom. / My hulp is van die HEER alleen.
Hy, oor my lot bewoë, / is eind'loos in vermoë.
- 2 Bedreig gevaar jou reispad ooit – / Hy is dit wat jou voet
vir wankeling behoed. / Hy, Isr'els wagter, sluimer nooit.
Die HEER is jou ontfermer, / jou skadu en beskermmer.
- 4 Die HEER sal jou bly gadeslaan; / in onheil en gevaar
sal Hy jou siel bewaar. / Wanneer jy uit of in mag gaan
Hy, Israels ontfermer, / is ewig jou beskermmer.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
2 September 2014